polispenaries

Wanneer dit by korttermyn-versekering kom, kan goedkoop opsies jou dikwels baie duur te staan kom. Hier is raad ...

joernalis | HELEN UECKERMANN

Ja, dit is so dat vandag se lewenskoste reeds jou beursie baie dunner maak en daarom is dit vanselfsprekend dat jy ook jou versekeringpremies sal heroorweeg. Maak egter baie seker presies waarvoor jy elke maand betaal. Wat kry jy as verbruiker in ruil daarvoor? Watter uitsonderings is daar in die polis aanwesig? Om bloot net die goedkoopste premie te kies, is 'n dom besluit.

vangplekke

Versekeraars is maatskappye wat moet wins maak. 'n Mens kan dus aanneem dat hoe minder dekking gegee word, hoe minder is die eise wat uitbetaal word en hoe groter is die wins wat die maatskappy maak.

Waak dus teen versekeraars wat jou die goedkoopste middelmanvrye diens belowe, want daar is dikwels 'n vangplek waarvan jy nie bewus is nie. Doen jou huiswerk baie goed en lees deeglik deur die fynskrif.

Dit kan baie maklik gebeur dat 'n versekeraar sy premies laag hou deur die verbruiker se bybetaling skerp te verhoog. In so 'n geval kan die versekerde in geval van nood voor ernstige finansiële probleme te staan kom.

vergelyk só

Hoe vergelyk jy dan appels met appels om onaangename verrassings uit te skakel? Soek self vir verskillende kwotasies sodat jy 'n ingeligte besluit kan neem. Gesels ook met kollegas en vriende oor hul ondervindings van versekeringsmaatskappye by wie hulle eise ingedien het. Die werklike toets vir enige versekeringsmaatskappy lê uiteindelik in hoe eise hanteer word.

Voor jy op 'n versekeringsproduk besluit, behoort jy seker te maak van die vermoë van die versekeraar om eise te betaal en jy moet jou vergewis van die gehalte diens wat die versekeraar lewer, insluitend hoe vinnig eise hanteer en uitbetaal word.

Kyk ook na die dekking wat gegee word. Die basiese polis by verskillende versekeraars is taamlik standaard, maar daar kan tog wesentlike verskille wees ten opsigte van uitbreidings, bybetalings en uitsonderings.

'n middelman is goud werd

Hoewel premies by versekeraars sonder makelaars as middelmanne soms (baie dikwels nie) goedkoper kan wees, is 'n jare lange verhouding met 'n makelaar tydens die uitbetaling van 'n twyfelagtige eis onontbeerlik. Dit is die makelaar se werk om namens sy kliënt op te tree en te verseker dat 'n eis spoedig en moeiteloos uitbetaal word.

Maak seker dat jy al die nodige dekking vir jou behoeftes het. 'n Makelaar kan vir jou in die fynste besonderhede verduidelik wat 'n polis alles dek. Inligting oor uitbreidings en uitsonderings by elke afdeling is belangrik om latere teleurstelling te voorkom.

Vergewis jou ook van die bybetalingstrukture van jou versekeringsproduk aangesien dit van maatskappy tot maatskappy kan verskil.

gemoedsrus is nie goedkoop

So baie keer is dit 'n reklamefoefie om te beweer dat die middelman se koste uitgeskakel word. Die waarskynlikheid om groot kostes op die lyf te loop omdat jy nie van 'n professionele raadgewer se dienste gebruik gemaak het nie, is dikwels baie meer as die aanvanklike besparing op die premie. Om nie eers van die skok te praat wanneer jy agterkom jou goedkoop polis dek nie sekere risiko's nie en dat jy die skade uit jou eie sak moet betaal.

Die goedkoopste premie is nie noodwendig die beste versekering nie, en wanneer die versekeringspremie van een maatskappy aansienlik goedkoper is as die res van die bedryf s'n, is daar beslis iewers groot fout.

foto | shutterstock